DIE JORDAANTJIE

Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

19/2024 14 Junie 2024

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KANTOOR
1. Winter skoolvakansie
2. Vrystaat Biathlé
3. Mental Maths
4. Personeelsake
5. Leerderraad vir 2024
6. Aktiwiteite tydens die vakansie
7. Personeelverjaardae
8. Buite aktiwiteite
9. Skoolfonds vir 2024

UIT DIE KANTOOR

En so kom nog 'n kwartaal tot 'n einde. 'n Mens kan nie dink dat die jaar al die halfpadmerk bereik het nie. Ons het in hierdie besige kwartaal net weer besef dat 'n mens die beste van elke dag moet maak. En dit is presies wat ons hier by Jordania elke dag probeer doen – om ons werk so goed as moontlik te doen, sodat ons die volgende dag kan voortbou daarop. Dit is natuurlik ook waarvoor die 100% staan! Ons is gedurende die kwartaal geseënd gewees met wonderlike dinge wat hier by die skool gebeur het. Ons kinders het ongelooflike suksesse behaal op verskeie gebiede. Baie dankie ook aan elke ouer vir u bydrae gedurende die kwartaal. Onthou altyd dat u deel vorm van die 100%-span. Sonder u aanmoediging van die kinders, hulp by aktiwiteite en fondsinsamelings en ondersteuning aan die personeel, sal ons nie die kwaliteit opvoeding aan ons kinders kan gee wat hulle toekom nie. Kwaliteit opvoeding vorm die boustene vir ons kinders se toekoms. Daarom dat ons personeel ons kinders se beste belange op die hart dra en elke dag hul beste doen, soms onder geweldige druk. Na afloop van so 'n besige kwartaal is dit natuurlik baie belangrik dat ons almal ook 'n bietjie tot rus moet kom, sodat ons weer volgende kwartaal volstoom kan aanpak. Indien u so bevoorreg is om met vakansie weg te kan gaan, geniet dit en ry asb. veilig. Mooi loop.

Geniet die vakansie

"Success isn't always about greatness. It's about consistency. Consistent hard work leads to success. Greatness will come."
Dwayne Johnson

1. Winter skoolvakansie

Die skool sluit amptelik op Vrydag, 14 Junie om 10:00 vir die wintervakansie en open weer op Dinsdag, 9 Julie om 07:30 vir alle leerders.

NB!

2. Vrystaat Biathlé

Baie geluk aan die volgende leerders wat tot die Vrystaat Biathlé span verkies is om in Augustus aan die Nasionale kompetisie deel te neem:

- Aneldi Bezuidenhout
- Annabelle Bezuidenhout
- Dehan Cilliers

3. Mental Maths kompetisie

Tydens bg. departementele Wiskunde kompetisie het ons leerders weer puik gevaar. Marcus Fourie behaal 'n 1ste plek en Manie de Klerk 'n 2de plek. Hulle gaan die streek by die distrikskompetisie verteenwoordig. Baie geluk en sterkte!

2024 SKOOLKWARTALE

3de: 9 Julie – 20 September
4de: 1 Oktober – 11 Desember

Afrikaanse woord van die week:

Knus: *Iets wat aangenaam en gesellig is. (Engels: Cosy)*

Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za



EERSTE WEEK VAN VOLGENDE KWARTAAL SE PROGRAM

Di, 9 Jul: Skool open 7:30
Vr, 11 Jul: Rapporte gaan uit
Landloopliga #5
Bergfiets (Ficksburg)

Klerebank tye

Dinsdae, Woensdae en Donderdae
07:30 – 8:30

BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool
Standard Bank Harrismith
Takkode: 051001
Nommer: 042 117 453

4. Personeelsake

Die volgende personeel verlaat ons aan die einde van die kwartaal:

- Juffrou Riza Fourie. Juffrou Susan Badenhorst gaan in haar plek waarneem.
- Assistent-onderwyseresse San-Mari Oelofse en Elizna de Lange. In hul plekke is Monique Jansen van Vuuren en Lariska Gildenhuys aangestel.

Baie dankie vir die insette wat u in ons skool en kinders se lewens gemaak het. Baie sterkte met die pad vorentoe.

5. Leerderraad vir 2024

Die volgende leerders is tot die Leerderraad vir 2024 verkies (alfabeties):

Dogters	**Seuns**
Isabel van Deventer – Hoofdogter	Rigardt Strydom – Hoofseun
Annabelle Bezuidenhout – O/hoofdogter	Matthias van Heerden – O/Hoofseun
Aneldi Bezuidenhout	Daniël de Beer
Aninke Bezuidenhout	Juann Du Toit
Lia de Boer	Ruan Fourie
Amé Harris	Evan Jansen van Vuuren
Lize Joubert	Stian Jansen van Vuuren
Lené Labuschagne	Janco Jooste
Suné Spershott	Tian Jordaan
Jané van den Berg	Mehan Strydom

Baie geluk aan hierdie leerders! Die Leerderraad gaan verskeie projekte vir die res van die jaar aanpak. Die ander Graad 7 leiers sal steeds hul pligte as deel van die Jorrieraad uitvoer.

6. Aktiwiteite tydens die vakansie

Talle van ons leerders is verkies tot provinsiale- en streekspanne wat die vakansie aan toernooie gaan deelneem. Die toernooie is as volg:

- o/12 Rugbytoernooi (Klerksdorp)
- o/13 Cravenweek en XV-Tal toernooi (Pretoria)
- o/13 Rugby VKB week (Frankfort)
- o/12 en o/13 Netbal All Ages toernooi (Boksburg)
- o/13 Rugby en netbal Bokkieweek (Kroonstad)
- o/12 en o/13 Streekshokkietoernooie (Pietermaritzburg)
- o/13 SA IPT Hokkietoernooi (Bloemfontein)

Baie sterkte aan al ons leerders en personeel wat betrokke is.

7. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat gedurende die vakansie verjaar:

- 15 Junie: Nadia Truter
- 24 Junie: Aletta Mofokeng
- 26 Junie: Riza Fourie
- 1 Julie: Sjhanet Grobler en Elsie Radebe
- 6 Julie: Kayla Posthumus
- 8 Julie: Alina Sebeko
- 9 Julie: Minge Marx

Mag u 'n wonderlike nuwe lewensjaar beleef.

8. Buite aktiwiteite

Sien gimnastiek uitslae onderaan die nuusbrief. Baie geluk aan al die gimnaste wat goed gevaar het.

9. Skoolfonds vir 2024

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot aan die einde van die 2de kwartaal vereffen is. Die jaarlikse bedrag beloop R14 000 (Graad 1-7) en R14 500 (Graad R). Kontak Alta met navrae.

BETHLEHEM
Gimnastiek Klub - Gymnastic Club

27 Mei 2024

Prestasies deur Gimnaste

Die volgende gimnaste het baie goed presteer by Noord-Vrystaat se Kwalifiserende kompetisie wat gehou was 25 Mei 2024 in Bultfontein. Hulle word ook in die span ingeluit wat gaan deelneem 14/15 Junie aan Gymnastic SA Zone Festival in Pinetown, hulle word dan ook ingesluit in die Vrystaat Noord Span wat die streek gaan verteenwoordig

Dogters vlak 1

Mienke Schoeman	(5-6 jaar)	BRONS
Clara- Belle Buitendag	(7-8 jaar)	SILWER
Milandrie Schoeman	(7-8 jaar)	SILWER
Clara Claasen	(7-8 jaar)	SILWER
Nicole Nieuwenhuizen	(7-8 jaar)	Word ook in die span ingesluit
Charlotte Nienaber	(9-10 jaar)	BRONS
Mieke Ackerman	(9-10 jaar)	SILWER
Franja Wagner	(9-10 jaar)	GOUD

Dogters vlak 2

Tayla Ware	(9-10 jaar)	BRONS
Mieke Pienaar	(9-10 jaar)	GOUD
Lea Claasen	(9-10 jaar)	GOUD
Hesté du Preez	(11-12 jaar)	GOUD

Dogters Vlak 3

Sanna Roux	(10-11 jaar)	SILWER
Amira Potgieter	(10-11 jaar)	SILWER
Carla-Mae V/D Merwe	(10-11 jaar)	GOUD
Amé Potgieter	(12-13 jaar)	BRONS

Seuns vlak 1

Clayton Cloete	(9-10 jaar)	SILWER

Seuns vlak 3

Philip Potgieter	(10-11 jaar)	SILWER

Baie geluk met die gimnate hulle het Jordania se naam hoog gehou en 100% gegee

LeerLand help graag

GRAAD R-3
ONS IS OOP VIR DIE VAKANSIE

OOP
24/06-5/07
van 14:30-17:00

LeerLand is oop die vakansie !

Ek is 'n Grondslagfase onderwyseres wat my honneurs in Spesiale behoeftes voltooi het. Ek is bereid om jou kind die vakansie te help met alles wat in kwartaal 2 nog nie onder die knie is nie. Ek gebruik 'n speel om te leer benadering om dit prettig te maak vir u kind.

Bespreek jou sessie nou:
072 787 88 44
Murraystraat 42,
Bethlehem

LeerLand
ONDERSTEUNINGSENTRUM

⭐ LEERLAND VAKANSIEKLASSE ⭐

HALLO OUERS! MY NAAM IS JANA VAN WYK EN EK SPESIALISEER IN SPEEL-OM-TE-LEER VIR KINDERS IN GRAAD R TOT 3. HIERDIE VAKANSIE BIED EK SPESIALE KLASSE AAN VIR KINDERS WAT SUKKEL MET HUL SKOOLWERK.

🎨 WAT ONS AANBIED:

- PRET EN LEERAKTIWITEITE
- PERSOONLIKE AANDAG IN KLEIN GROEPE
- VERBETERING VAN LEES
-SKRYF- EN WISKUNDEVAARDIGHEDE .

HELP JOU KIND OM VOL VERTROUE TERUG TE GAAN SKOOL TOE! BESPREEK NOU JOU PLEK.

KONTAK MY GERUS VIR MEER INLIGTING: 📞 072 787 8844

KOM ONS MAAK LEER LEKKER HIERDIE VAKANSIE!

MARIAAN SE NASORG
30 JAAR VAN LIEFDE, OMGEE EN HARDE WERK, LEWER KINDERS OP WAT HULLE PLEK VOLSTAAN IN DIE LEWE
Nasorg by Jordania Primêr
Gekwalifiseerde onderwyseres sedert 1984
Kontak Mariaan: 082 562 6362